ONTWIKKELING VAN 'N TAK OP 'N BEPAALDE PLEK

Dit gebeur soms dat 'n mooi boompie 'n tak op 'n bepaalde plek ontbreek. 'n Beproefde metode is om 'n snit met 'n skerp mes of lemmetjie bokant 'n sluimerende ogie te maak waar 'n tak benodig word. Hierdie tegniek werk uitstekend veral net voordat die boompies begin bot.

Die dwarssnit bokant 'n sluimerende ogie veroorsaak dat die sapvloei bokant die snit afgesny word en dat die sluimerende ogie dus nou geaktiveer word.

Sodra die ogie bot, moet dit sover moontlik aangemoedig word om sterk te groei. Tydens hierdie tydperk, moet blaarvoeding toegedien word sodat die takkie vinnig kan ontwikkel. Die takkie word dan toegelaat om lank uit te groei sodat dit tot die regte verhouding verdik voordat dit teruggesnoei word om sytakke te vorm. Gedurende hierdie fase van raam- en sytakvorming kan blaarbemesting slegs op hierdie gedeelte toegepas word.



Snit met skerp mes om sapvloei te stop

Sluimerende ogie

Bemes d.m.v. blaarbespuiting op die area

Laat sterk groei en sny later af

ONTWIKKELING VAN DIE SIG-SAG GROEIWYSE

As mens in die veld onder 'n Akasiaboom staan en die takformasie beskou, vind mens altyd dat die takkies in 'n sig-sag patroon groei. Om hierdie effek in 'n bonsai te verkry, moet daar doelbewuste snoeitegnieke toegepas word:

<u>Metode</u>

Laat die takkies sterk groei totdat die ogies begin ontwikkel. Sny nou die takkie terug na een of twee internodes. Die snit moet gemaak word net onder die vorige ogie sodat die internode 'n steeltjie kan vorm. Hierdie steeltjie dien dan as 'n versperring vir die nuwe groei wat dan noodwendig moet weggroei van die bestaande takkie. Nadat die nuwe takke gegroei het, kan die steeltjie verwyder word.